## COPYRIGHT CLEARANCE COVER PAGE FOR COPIES MADE BY THE NORTH-WEST UNIVERSITY (NWU)

**This material has been copied for educational use. It is not for resale and must not be redistributed.**

---

## KOPIEREGKLARING-DEKBLAD VIR KOPIEË GEMAAK DEUR DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT (NWU)

**Hierdie materiaal is vir opvoedkundige gebruik gereproduseer. Dit mag nie herverkoop of verder versprei word nie.**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

## 4. DIE REFORMASIE

### 4.1 Calvyn se opvattinge oor die Kerkreg en Kerkregering

Calvyn het reeds in die eerste uitgawe van die"Christianae religionis institutio" 1536, die grondslag vir die Gereff. Kerkreg en Kerkrege=ring gelê. Die gedeelte oor die Kerk het deur latere toevoeginge so uitgebrei dat dit in die laaste uitgawe die hele boek IV beslaan. Daarin formuleer hy die Skriftuurlike kerkbegrip: dit is die verga=dering van die gelowiges (uitverkorenes) wat onder die Een Hoof, Christus een liggaam vorm, een in die waarheid. Hulle leef deur dieselfde Gees van God saam en is nie alleen geroep tot dieselfde erfenis van die ewige lewe nie, maar ook tot die gemeenskap met die een God en Christus (IV 1.2). Hierdie kerk moet deur die geroepe diensknegte ooreenkom=stig die Woord van God geregeer word (IV III vgl.).

Die Heilige Skrif is dus die bron vir die Kerkreg en die K.O. moet uit die beginsels wat die Skrif neerlê gepositiveer word. Vir Calvyn kon die kerk nie sonder tug bestaan nie. Die tug hoort tot die Substans van die kerk (Kampschulte p.267).

Toe Farel in Junie 1536 vir Calvyn op sy deurreis gedwing het om in Geneve te bly, het hy onmiddellik hierdie gedagtes van hom oor kerkreg en kerkregering in praktyk gebring.

Amptelik word teen die einde 1536 aan die Klein Raad, in die naam van Farel en die ander predikante van die stad, 'n stuk voorgelê wat duide=lik van die hand van Calvyn was. Die stuk wat Jan 1537 deur die raad aanvaar is lui: Artikels rakende die organisasie van die kerk en erediens te Genevé" Dit kan die eerste K.O. van die hand van Calvyn genoem word.

Hierdie K.O. het die viering van die nagmaal tot middelpunt. Inlei=dend word verklaar dat 'n kerk nie wel georden en gereel kan wees as die heilige nagmaal nie dikwels gevier word nie en daartoe is die tug en ekskomunikasie nodig.

Met die oog op die toepassing van die tug is die raad versoek om god=vrugtig en onbesproke manne te kies as opsieners in die verskillende stadswyke. Hulle moes toesig hou oor die sedelike wandel en vermaan waar nodig en waar geen verbetering is nie moes die oortreders by die

predikante aangemeld word, wat dan n finale vermaning uitspreek. Indien die sondaar nog in sy sonde volhard moes hulle hom ekskommuniseer.

Hierdie orde rondom die nagmaal en die tug het n bepaling dat elkeen wat deel wil hê aan die nagmaal eers belydenis van geloof moes doen, ten grondslag gehad.

Die K.O. het ook aanwysings bevat ter invoering van die psalmgesang in die kerk.

Aandag is ook gegee aan die kategetiese onderrig aan die jeug. Ook is die huwelik gereël.

Na sy verbanning in 1538 vertoef Calvyn in Straatsburg waar hy predikant van die Franse vlugtelingkerk word. Hier, deur sy noue samewerking met Bucer, ondergaan Calvyn se kerkregterlike beskouinge n verdieping en kom veral sy opvatting oor die ampte tot rypheid. (Vgl. Hieroor W. van't Spyker: De Ambten by Maarten Bucer). Ten opsigte van die kerkregering doen hy ook kostelike ervaring op en toon sy krag as kerkregeerder in die gemeente. Veral verbaas hy Bucer en die ander predikante van Straatsburg deur die wyse waarop hy slaag in die toepassing van die tug. So het Calvyn bepaal dat elkeen wat nagmaal wou vier hulle eers die week vantevore by die predikant (en ouderlinge?) moes aanmeld om ondersoek te word of hulle in die leer en lewe hulle so gedra dat hulle waardiglik aan die tafel kan gaan. Hieruit sou die latere praktyk van die huisbesoek voor nagmaal in die Geref. Kerke ontwikkel.

Die veronderstelling van die K.O. was dat die kerk vry sou wees om homself te regeer. Op die punt kom die botsing ook in 1538. Sake het in Genéve kort na die verbanning (1538) van Calvyn, Farel en Courault (die blinde) begin verkeerd loop. Dit dwing die raad om, veral na die optrede van Kardinaal Sadolet wie se brief so treffend binne n paar dae (6) deur Calvyn in 1539 beantwoord is (vgl. Prof. d'Assonville se brosjure: Calvyn verdedig sy stad), onderhandelinge aan te knoop met die oog op die terugkeer van Calvyn. Hy weier aanvanklik, maar laat hom weer deur Farel oorreed. Saam met ds. Viret, wat vir n tyd deur (Bern?) aan Genéve geleen is, keer hy eindelik in September 1541, weer terug na Genéve.

Voorwaarde vir sy terugkeer waarin die raad toegestem het, was dat die owerheid die kerk sou vrylaat om homself te regeer. Hierdie eis tot selfregering laat Kampschulte verkeerdelik die Kerkregering by Calvyn as demokraties kwalifiseer. Vir Calvyn sou die "kerklike soewereiniteit" uitsluitlik in die Gesammtwillen der Kirche Selbst setel. Dit is natuurlik nie so nie. Reeds in die Institusie en verder in al sy werke word Calvyn nooit moeg om die Soewereiniteit van God in Christus deur die werking van die Heilige Gees ook in die Kerk te beklemtoon nie. Kerkregering is vir hom altyd diens van die Woord in die breë sin. Die Woord van die Here moet in alles by die kerk tuis gebring word.

Hoewel die raad dit toegestem het, het dit tog aan die slot van die "Kerklike ordonnansies" toe dit geproklameer is die regte van die ower= heid uiteengesit. Daarin word bepaal dat die predikante geen burger= like regsbevoegdheid het nie en alleen die geestelike swaard, die Woord van God hanteer. Voorts word gesê dat die konsistorie nie aan die gesag van die magistraat te kort mag doen nie en as dit nodig is om partye te straf en te dwing, moet die predikante met die kon= sistorie alles aan die Raad rapporteer wat op grond van hulle rapport, sal raad gee om te beveel om reg te spreek na die eis van omstandig= hede.

Hierdie uitspraak van die Raad was dubbelsinnig. Calvyn het daarin gelees dat die owerheid erken dat die konsistorie die tugreg tot by die ekskommunikasie besit en dat die owerheid hom alleen met die burgerlike straf van die oortreder bemoei. Die magistraat het egter spoedig beweer dat die konsistorie alleen kon aanbeveel dat iemand geëkskommuniseer sou word. Dit het weer spanning laat oplaai en die krisis het in 1555 gekom toe Calvyn die oorwinning finaal behaal het.

Die Ordonnansies het bepalinge bevat vir die godsdienstige sowel as die maatskaplike lewe. Dit is afgekondig deur die owerheid.

Die K.O. het die N.T. kerkinrigting as uitgangspunt. Daarvolgens erken Calvyn 4 ampte.

Die predikante moes volgens Calvyn eintlik deur die gemeente gekies word. Hy kon dit egter nie regkry nie. Hulle moes die Woord en Sakramente bedien. Saam het hulle die Vénerable Compagnie des

pasteurs gevorm. (Die eerbiedwaardige geselskap van die predikante). Die vergadering het slegs geringe regeerbevoegdheid gehad. Dit het die "nuwe predikante" genomineer wat deur die Raad benoem en aan die gemeente voorgestel is. Die predikante moes ook 'n eed voor die owerheid aflê. Dit is egter bepaal dat die gehoorsaamheid aan die owerheid nie in die weg sou staan om God boweal te gehoorsaam in hulle leer en arbeid nie.

Calvyn wou volgens die ontwerp van sy K.O. dat die predikante met handoplegging bevestig sou word maar laat dit liefs agterweë veral omdat die owerheid daarteen was omdat dit in daardie tyd nog aanleiding tot bygeloof kon gee. Die owerhede het egter selfs die verwysing na die handoplegging uit die finale ontwerp laat verwyder. Die K.O. bepaal dan net dat die predikante met 'n uiteensetting van hulle amp en met gebede in hulle werk gestel sal word.

Die <u>tweede amp</u> was die <u>doctores</u> - die onderwysers en professore in die skole en ook tot opleiding van predikante. Die Raad het hulle ook benoem na oorleg met die predikante (hoewel Calvyn dit eintlik as net 'n kerklike saak gesien het).

Die derde groep was die ouderlinge. Hoewel Calvyn reeds in 1536 die betroubare manne wat oor die sedes moes waak, laat benoem het, het hy eers in Straatsburg onder invloed van Bucer tot die wese van die ouderlingamp deurgedring. (Vgl. Bucer se Kirchenpfleger).

Die ouderlinge vorm saam met die predikante die kerkraad of konsistorie. In Genéve moes Calvyn nog duld dat die ouderlinge deur die verskillende stadsrade gekies word en dat 'n"burgemeesterouderling" die Kerkraad as voorsitter sou dien.

Volgens Calvyn was die ouderling die kerkregeerders naas die predikant wat die prediking as vernaamste opdrag het. Die toesig oor die lewenswandel is aan die ouderlinge opgedra. Dit sluit die huisbe= soek in.

Alle oortreders moes op donderdae voor die kerkraad verskyn - onder polisie begeleiding. Vermaninge het dan gegaan oor o.a. dronkenskap, laster, woeker, onsedelikheid, vegtery, kaartspel, dans, versuim om eredienste by te woon, ontroue bybellees ens.

Die klein Raad is van alle sake in kennis gestel en in kriminele ge= valle het die raad opgetree. Doel van hierdie tugoptrede was egter altyd vir Calvyn die behoud van die sondaar.

Die diakens moes die armes versorg. Hulle het nie deel gevorm van die kerkraad nie. Die diakens is in twee groepe verdeel nl. die beheerders van die kerklike goedere en die versorgers van siekes en behoeftiges. By hierdie laaste groep sou die hulp van die vrou gebruik kon word.

Die K.O. is afgesluit met aanwysinge vir die bediening van die Sakra= mente, die huweliksbevestiging, begrafnis, besoek van siekes en gevangenes en katkisasie.

Hierdie K.O. is toegepas in alle erns. Dit het weer die venyn van die Raad en inwoners oor Calvyn verwek, maar hy kon tog teen 1555 die oorwinning behaal. Die Woord van die Here het as Leidster vir die Kerklike sowel as maatskaplike lewe in Genéve gegeld,deur die toepassing van die K,O. in die Kerkregering.

77/...

* * * * * * * * * * * * * * *


LITERATUUR· c.a.

1. Prof. J.P. JOOSTE. in Koers. Deel XXVI, 1958, 59. bl 410-
2. W.F. DANKBAAR. Calvyn zijn weg en werk.
3. W. WALKER. John Calvin.

Vir besondere studie: E. Doumergue se groot werk oor Calvyn, vertaal deur A. v. Winkel.

4. G.P.L. v.d. Linde. Calvyn se opvatting oor Kerkregering en Kerklike Tug. Calvyn Causerie. I.B.C. P.U. vir C.H.O. - (1980)

## 4.2 Frankryk

Die Reformasie in Frankryk is voorberei deur J. Le Fevre (Jakob Faber van E Taples) op wetenskaplike gebied deur sy "humanistiese en bybelse werke", sowel as deur die Biskop van Meaux, Wilhelm Briconet, wat onder die invloed van Luther se werke was. Hulle optrede stimuleer die private byeenkomste rondom die bybel en Luther se geskrifte sedert 1524. In 1524, 1529 en 1532 lewer die kringe reeds slagoffers vir die marteldood - as ketters. Briconnet sterf in 1539 en Le Fevre in 1537. Van die hervormdgesindes in Meaux het in die tyd na Strassburg gereis en daar by die Franse gemeente aangesluit. By hulle terugkeer stig hulle ŉ Geref. Kerk - die eerste in Frankryk in Meaux na die Strassburgse model. Peter Leclerc is as predikant beroep. In 1546 is die gemeente egter uiteengejaag deur vervolgings en van toe af het die gelowiges in Frankryk in huise vir bybellesings byeengekom. Wie kon het van tyd tot tyd veral na Geneve gereis vir Woord en Sakrament-bediening. By hulle terugkeer het hulle weer die agtergeblewenes versterk en vertroos. Baie moes egter die marteldood sterf by hulle terugkeer, veral sedert (1549) volgens Beza in sy Histoire ecclesias=tique, des Eglises reformees en Rayaume de France etx. (Vgl. Anvers 1580: 3 Bande (Die Geskiedenis van die Geref. Kerke in die Franse Koninkryk))

Asgevolg van die aandrang van ŉ edelman La Ferrière gedurende 1555 by die wat in sy huis byeengekom het vir bybelleringe, om sy kind te laat doop, is in die geheim ŉ gemeente <u>in Parys</u> gestig. Die 22 jarige La Rivière is tot predikant beroep terwyl ook ouderlinge en diakens verkies is om ŉ Consistorie te vorm. Die gemeente is na die model van die Geneefse kerk ingerig. Na die stigting van die Geref. Kerk in Parys het die (her)-stigting van Meaux, Augers, Poitiers, Bourges, Blois, Tours, Orleans e.a. gevolg. In die kerkregering is die be=ginsels van Calvyn toegepas. Die meeste predikante het in Geneve studeer en daar was ook ŉ lewendige persoonlike kontak met Calvyn in die tyd en so kon wat hy nie in Geneve kon vermag nie, in die Franse kerke nader uitgewerk word en is die <u>presbiteriale kerkregeringstelsel</u> in die praktyk gebring.

Hoewel Calvyn altyd op aanvraag aan die Franse advies gegee het, het hy of enigiemand anders in Geneve, hulle nooit in die sake van die Franse kerke ingemeng nie - Calvyn het hom geen gesag oor die kerke aangematig nie.

Die nood van die tyd en die eenheidsdrang onder die kerke het 'n sinode noodwendig gemaak. Volgens Beza was daar in 1561 reeds 2150 Gereformeerde kerke in Frankryk.

Die werklike sameroeping van die kerke vind plaas nadat Antoine Chandieu na Poitiers afgevaardig is oor 'n paar sake deur die Paryse kerk. Hy vier saam met die gemeente nagmaal by welke geleentheid ook predikante uit buurkerke teenwoordig was. Uit hulle bespreki en mededelinge oor leer en tugsake, het as behoefte sterk na vore gekom en is die begeerte uitgespreek dat die kerke sou byeenkom om een K.O. op te stel met die oog op die kerkregering en tug.

Gevolg van die byeenkoms was dat op versoek van Antoine Chandieu die Paryse kerk in 1559 'n Sinode in Parys saamgeroep het: Doel was om "zich uber 'Lehre und Kirchenordnung auf den Grund des göttlichen Worts zy einigen." (p. 70). Die handelinge van die Sinode is gekenmerk deur eenvoudige soberheid en ook 'n duidelike krag "als handeltem die mitglieder in tiefem Frieden" terwyl hulle 'n byna gewisse dood getrotseer het.

Op die eerste Franse Nasionale Sinode is sowel 'n Gemeenskaplike Belydenisskrif en Kerkorde aanvaar. Die belydenis was die Confession de foy of Confessie gellicana, wat waarskynlik deur Chandieu opgestel is. Dit is in 1571 deur die Sinode La Rochelle bevestig en onderteken, vandaar dat dit meestal die Confession de la Rochelle genoem is. Die 40 artikels adem almal die gees van Calvyn.

Die K.O. "Discipline ecclesiastique", het ook 40 artikels bevat. Die kerkregering is in die hande van die ouderlinge wat met die diakens saam onder voorsitterskap van die predikant die kerkraad vorm (Art.20). Die ouderlinge se amp was om die kerkvolk te vergader, ergernisse wat voorgekom het by die (art.21) (konsistorie) blykbaar klassis aan te meld. Die diakens moes die armes, siekes en gevangenes besoek. Die Consistorium (Lechler praat van 'n Ortskirchenrath), blykbaar die Klassis, het die kerklike tug tot by die ekskommunikasie uitgeoefen. Hierdie Consistorium kan ook ouderlinge en diakens weens valse leer, ergernisse, ongehoorsaamheid en ontugtigheid afsit. Beroep op die Provinsiale Sinode was dan nog moontlik. (Art. 25-30, volgens Lechler p. 7). Prov. Sinodes moet jaarliks byeenkom waarheen predikante saam met minstens een ouderling of diaken afgevaardig is (art. 5).

79/...

Volgens art. 6 kon 'n Provinsiale Sinode 'n predikant wat sy amp weens vervolging nie in die plaaslike kerk waar hy beroep is kon voortsit nie, verplaas.

Die amp van die Voorsitter eindig met elke sinode (art. 2). Artikel een bepaal dat geen kerk oor 'n ander mag heers nie "que nulle. Eglise ver paurra pretendore principanté ou domination sur Pautre..."

Art. 40 verbied veranderinge van die K.O. deur partikuliere kerke, alleen 'n toekomstige generale sinode kon veranderinge aanbring.

Die Oorkonde van die Sinode is deur die Voorsitter van die Sinode Franz von Morel geteken op 28 Mei 1559.

Dit is duidelik dat ook die K.O. in Calvinistiese gees opgestel is. Vir verskille t.o.v. die K.O. van Genéve vgl. Lechler p. 73, o.a. dat die ouderlinge nie 'n herderlike taak het in die Franse kerke soos in die Geneefse nie. Hulle het te doen met kerklike tug en regering terwyl in Genéve die ouderlinge ook saam met die predikante huisbesoek moes doen. (Mens wonder of Lechter reg oordeel?) Lechter wys as belangrikste verskil die reëling van meerdere vergaderinge vir die Franse Kerke aan waarvan daar geen sprake in Genéve was nie. (Uiter= aard moes die twee K.O.es op die punt verskil. Tog ken Calvyn ook in Institusie IV die meerdere vergaderinge. In sy stryd teen Bern en die Raad van Genéve 1537 - kom Calvyn en Farel se beskouinge aan= gaande meerdere vergaderings aan die lig as hulle bereid is om hulle te verantwoord voor 'n Sinode en hulle aan die beslissinge daarvan te onderwerp, behoudens die reg op appel as die Sinode na hulle mening teen die Woord van God sou besluit. Tereg wys Lechler daarop dat elders ook by Calvyn in sy Institusie sinodes net as predikante (Geistliches) sinodes gesien is. In die Franse K.O. van 1559 egter word die predikant sowel as ten minste een ouderling of diaken van elke kerk afgevaardig.

Die Sinodes het sedert 1559 die eenheidsbewarende funksie tussen die franse kerke vervul wat voorheen veral moes geskied deur Calvyn vanuit Genevé (as raadgewer van almal).

Kerk en Staat

Die K.O. is absoluut onafhanklik van die staat opgestel. Tewens die staat was die kerk so vyandig dat daar geen sprake was van enige ver= houding waardeur die staat vir homself 'n plek in die kerkregering wou opeis nie. Die kerk was onder die kruis en menslik gesproke alleen op homself aangewys.

Al was dit so het die kerk tog in gehoorsaamheid aan die Skrif voor=
geskryf dat die owerheid as Goddelike instelling erken moet word,
self as dit ongelowig is. (Natuurlik in sake van landsregering).

81/...

4.3 Die Waalse Sinodes onder die kruis

Die Wale was volgens Hooijer oorspronklik uit ou "Gallen" afkomstig. Hulle is genoem Galen en mettertyd is die G vir die W ingewissel - vandaar Wale. Hulle was Franssprekend en het reeds die Suid-Nederlande bewoon gedurende die aanvang van die reformasie.

Oorspronklik "stijf Roomsch", gaan hulle tog met die reformasie mee veral ook onder die invloed van die Waldense wat onder hulle gewoon het. Die Wale het die Calvinistiese reformasie gevolg. Onder die verdrukking van Philips II in die periode 1550 - 1559, het baie gevlug en hulle in die vlugtelingkerke bevind te Zeeland, Holland, Engeland ens. Baie het egter in hulle woongebiede skuil gegaan of hoër op na stede in Vlaandere en Brabant getrek, waar die edik van (Filip (1559) oorgeneem van Karel V 1550) Augsburg, waarin beveel is om die ketters dood te maak, nie afgekondig of uitgevoer is nie. Hier is gemeentes in die geheim gevorm ook uit die plaaslike bevolking. Dit was die begin van die Waalse kerke in die Suid-Nederlande. Veral het in Oos en Wes-Vlaandere kerke ontstaan. Van die belangrikste kerke was die te Doornik (Guido de Bres); dit kan, volgens Hooijer, die Vlaamse Genève genoem word. Johannes Uthoven en Marten Cleyne of Micron se geslagte is ook uit hierdie kringe.

Die nood van die tye, het die kerke in Vlaandere gedwing tot 'n eenheidsoptrede. Daartoe is verskillende Sinodes tussen 1563-66 gehou. Die eerste 3 was Part. Sinodes. Blykens die Acta was hulle in hoofsake eenstemmig. Dit blyk verder dat hulle aangesluit het by die Genèefse K.O. Waarskynlik het aan die Part. Sinodes ander voorafgegaan, waarvan geen acta bewaar is nie. Uit die 3 bekendes (onder skuilname) (van 1563 - 66) is geen aanduiding dat hulle die eerste was nie.

Op die Sinode van 26 April 1563 (te Armentières) is die geloofsbelydenis de Bres goedgekeur wat onderteken moes word. Die Sinode van Antwerpen 1565 bepaal dat die belydenis aan die begin van elke sinode gelees moes word. Hooijer haal . Ypey en D. aan wat dit as 'n kwessie van revisie beskou.

Die Waalse K.O. het o.a. bepaal dat elke kerk 'n konsistorie moet hê, wat uit ministres; anciens en diacres bestaan. Ouderlinge (Anciens) en diakens (diacres) is in die nuwe gemeentes deur algemene stemme

gekies. Waar daar reeds 'n kerkraad was moes hulle gekies word deur die kerkraad en aan die gemeente voorgestel word (Approbasie). Besware moes aan die kerkraad voorgelê word en as hulle dit nie kon oplos nie moes dit verwys word na 'n prov. Sinode.

Die Sinode te Teurs 1563 het egter 'n ander bepaling vir die verkiesing gehad. "Quant a' l'élection des Anciens ou diacres, s'il en faut un, on en eslira deux oi consistoire, les quels serout presentez a'la compagnie, laquelle en eslire un pour say". (Met die oog op die verkiesing van ouderlinge en diakens moet die consistorie eers 'n dubbeltal stel wat dan aan die gemeente voorgelê word waaruit hulle die nodiges kies. Daarna sal aan hulle die vereistes van die amp gestel word waarna hulle die geloofsbelydenis moes onderteken.)

Die konsistorie moes die belange van die gemeente behartig en die orde en disipline of tug van die kerk handhaaf. Sensuur is elke maand gehou (ook ampsdraers is daarby ingesluit): "tant de la vie et de la doctrine des Ministres que des anciens et diacres" (oor die lewe en leer van die predikante en ouderlinge en diakens.)

Veral die tug artikels en huweliksbepalinge toon die invloed van die Ordonnances ecclesias tiques de l'eglise de Genéve. As daar deur die Sinode van 1563 (á la st Jean skuilnaam art.2) verwys na die ge= bruik van die gereformeerde kerke word die Franse Kerke bedoel. Baie van dit wat die eerste Franse Sinode van Parys 1559 besluit het, word teruggevind by die Waalse besluite. Art. 27 oor die verkiesing van ouderlinge en diakens (vgl. vorige paragraaf) van Parys kom feit= lik woordeliks ooreen met art. 1 van Armen'iërs 1563.
T.o.v. die verkiesing van ouderlinge en diakens is daar egter verskil. Die gemeente het geen aandeel daaraan nie. Die kerkraad kies en die die gemeente approbeer.
Ook wat betref die Sinodale inrigting volg die Waalse K.O. die Franse, waar Genéve vanselfsprekend geen voorbeeld voor het nie.

Vanselfsprekend het die Waalse kerke ook 'n groot invloed op die Neder= landse gehad. Die geloofsbelydenis (N.G.B.) is van hulle oorgeneem waarin die hoofsaak van die kerkregering (art. XXX - XXXII) voorgeskryf Voorts is 'n groot deel van die Waalse Kerke met die Nederlandse in een kerkverband in die Noorde opgeneem op Sinodeale vlak (Dit vertoon ooreenstemming met ons Algemene Sinode).

1578 bring die laagste punt van verbittering tussen die Roomse en nie-Roomse in die Suide van Nederland wat daarop uitloop dat die vroeëre bondgenote teen Alva uiteengespat het. Die Roomse onderwerp hulle weer aan Spanje - so kom ook Vlaandere en 'n groot deel van Brabant onder die ou juk terug. Die Waalse kerke het toe hulle beste lede verloor in 'n vlug na die Noorde. Die Kerke het toe gekwyn, maar wat hulle gedoen het veral in die sestigerjare vind ook 'n neerslag te Wesel en Emden en veral in die Sinodes na 1578.

4.4 Wesel en Emden

Die stad Wesel is reeds sedert so vroeg as 1518 voorberei vir die Reformasie deur vroeëre Augustynse Monnike.
Vanaf 1545 het Protestantse vlugtelinge uit Suid-Nederland 'n skuilplek in Wesel gevind Hulle lê die grondslag vir die Waalse Kerke in Wesel. Hulle getal word in 1555 vanuit Engeland aangevul (Bloody Mary); daarna verder onder die skrikbewind van Alva toe vlugtelinge uit Noord Brabant, Gelderland, Utrecht, Holland en Zeeland, aangekom het. Die Hertog Willem van Kleef het in 1568 onder druk van Alva die Gereformeerde beveel om Wesel te verlaat. Met behulp van vriende en die Magistraat slaag hulle daarin om die Hertog van plan te laat verander en is hulle vergun om te bly. 3 November 1568 het "enige predikanten en andere voortreffelijke leden der Nederlandsche Kerke" daar vergader. Hooijer noem dit 'n "Sinode onder het Kruis" - was egter geen sinode nie, maar 'n samekoms van predikante en ander leiers van die Gereformeerde uit die europese vlugtelingsoorde - hoogstens 38 in getal - om die weg vir 'n Sinode voor te berei. Onder andere is Jonkheer Philippus van Marvix, heer van Sint Aldegonde teenwoordig. Hy sou die belange van die Prins van Oranje behartig. Petrus Dathenus was waarskynlik voorsitter.

Die vergadering hoewel net voorbereidend - gaan in sy "voorrede" uit van die beginsel dat die Woord van God grondslag is in die Kerkregering, met 'n beroep op 1 Kor. 14:40.

Daarby dat die kerke deur die belydenis tot 'n eenheid saam verbind is en daarom ook in die kerkregering een moet wees.

84 /...

In die vastelling van wat die Woord voorskryf is ook rekening gehou met die geskiedenis.

Met hierdie beginselstelling het die samekoms die grondslag vir die skriftuurlike kerkregeringstelsel gelê, wat deur Emden 1571 na die inname van Briel aanvaar en op verskillende Sinondes ontwikkel is om te Dordrecht 1618/19 sy beslag te kry.

Dat hierdie Skriftuurlike Kerkregeringstelsel ingevoer is, was nie van= selfsprekend nie. Daar is deur die vlugtelinge kerke kennis gemaak met die Erastiaanse stelsel waarin die kerkregering op voetspoor van die ou Bizantynse opwelling, aan die owerheid toegesê is, en wat veral deur die politickes met simpatie bejeën is. In opdrag van die Prins moes Marnix reeds te Emden die Kerke voor die politiese wa span. Maar die Erastiaanse aanslag is afgeslaan deur alleen die koningskap van Christus in die kerk te erken.

Kenmerkend van die K.O. van Emden is dat dit as eerste Artikel die suiwer skriftuurlike antwoord gee op die strydpunt wat deur die middel= eeue in die kerk geheers het oor die mag in die kerk. Die Staatsoor= heersing sowel as die verdringing van Christus deur die hierargie word bondig afgewys. Die eerste deur 'n algehele swye oor die owerheid in die K.O. en die tweede in die eerste artikel: "Geen kerk sal oor 'n ander kerk, geen dienaar van die Woord, ouderling, nog diaken, sal die een oor die ander heers nie."

Voorts word die geslote karakter van die kerk as liggaam van Christus - vergadering van gelowiges - saamgeroep rondom die konfessie - gehand= haaf deur die noukeurige tugmaatreëls. Die tugartikels is feitlik van die begin af net soos dit vandag by ons gevind word - natuurlik in navolging van Genève, Frankryk, London, veral.

* * * * * * * * * * * * * * *

4.5 Die kerkregtelike ontwikkeling vanaf die Reformasie tot by Dordt.

Die Kerkorde van die Nederlandse Gereformeerde Kerke
(vgl. W.F. Dankbaar : Kerkhistorische studiën...... Deel VII. Marten Micron De Christlicke Ordinancien Der Nederlantscher Ghemeinten te Londen (1554) S'Gravenhage 1956)

Die Kerkorganisasie van die Nederlandse Gereformeerde Kerke het in die praktyk beslag gekry tussen die jare 1540 - 1571. Gedurende hierdie periode was die Gereformeerdes feitlik altyd op die vlug. Daar was jare van bestendigheid en rus in die buiteland veral in Engeland, Duitsland en die Palts. Dit was egter 'n betreklike rus - in Engeland is die rustige periode onder Eduard VI onderbreek met die vlug onder sy opvolgster "Bloody Mary". Onder Elizabeth I, haar opvolgster, keer die vlugtelinge weer terug, maar met minder vryheid om kerklik selfstandig op te tree, as onder Eduard VI. In Duitsland loop dit te Frankfort uit op 'n veroanning omdat die Lutherane nie die Calviniste wil duld nie. Aanvanklik kon die vlugtelinge in Oos-Friesland ook rustig bly, veral in Emden onder die Gravin Anna maar hulle moes ook later na London vlug.

In opdrag van die Gravin, wat hom as Superintendent aangestel het, het A'Lasco - 'n Pool - die Gereformeerde Kerke in Friesland onder die vlugtelinge georganiseer. Hy het die kerk oor die algemeen op die beginsels van Kerkregering, na die voorbeeld van Calvyn soos vervat in die Geneefse en Franse Kerkordes, georganiseer, hoewel daar ook verskille tussen hom en Calvyn was.

Hy vlug na London, waar hy ook deur Eduard VI tot Superintendent aangestel is, van die vlugtelingkerke. As predikant het daar ook toe gedien die jong Marten Micron (26 j)in die Londonse kerk. Onder sy leiding, met medewerking van en onder toesig van A'Lasco, het Micron en Dalenus, 'n bloeiende en goedgeorganiseerde kerk vanaf ± 1547 - 1553 in London opgebou.

......./ 86

Toe die Gereformeerdes in 1553 met Maria Tudor, bloody Mary, se troonsbestyging moes vlug, het Micron dadelik in sy ballingskap die werk oor die Organisasie wat vir die Londonse kerk gegeld het, wat hy reeds in 1553 begin opstel het, voltooi. In 1554 het hy dit te Norden gereed gehad vir die pers.
Trigland noem dit die eerste Kerkorde van die Nederlandse Gereformeerde kerke wat gevind kon word.

Hoewel die Ordinancien van Micron in 1554 verskyn het, toon dit groot ooreenkomste met die Forma ac Ratio van A'Lasco wat in 1555 te Frankfort verskyn het. Micron sê self dat hy gebruik gemaak het van die Forma ac Ratio. Dankbaar meen dat Micron en A'Lasco gelyktydig en in onderlinge oorleg besig was om hulle boeke saam te stel in London voor hulle vlug in 1553. Die ooreenkoms is vanselfsprekend omdat beide hulle werk in London as uitgangspunt het.

Nog die uitvoeriger Forma ac Ratio, nog die beknopter Christeliche Ordinancien van Micron kan in die 'engere sin' van die woord ŉ kerkorde genoem word. Beide gee ŉ uitvoerige beskrywing van die kerklike praktyk in London op kerkregtelike sowel as liturgiese gebied. Die verskillende formuliere is bv. volledig daarin opgeneem.
Naas die praktyk is ook aandag gegee aan die ideale organisasie, in soverre dit nog nie in die praktyk verwerklik is nie.

Die Ordinancien het blykens die inleiding ŉ apologetiese doel gehad. Micron wil in die werk toon dat hulle nie sakramentskenders was nie en ook nie tugteloos of tiraniek teenoor die sondaars opgetree het nie.

Die werk is ŉ lewendige weergawe van die kerkregtelike uitgangspunte van die vlugtelinggemeentes, soos dit onder leiding van A'Lasco eers in Oos-Friesland en later in London met behulp van Micron ontwikkel het.

ŉ Noukeurige studie van die Ordinancien toon onteenseglik dat die vlugtelingkerke die leiding van Calvyn in hoofsaak gevolg het. Klein verskilletjies val op soos dat in plaas van 4 ampte soos by Calvyn, vind ons by Micron sprake van 2 ampte wat eintlik 3 is. Cap. 1. Daar is twee ampte : ouderlinge en diakens, volgens die onverander-

........../87

like outoriteit van die Skrif. Maar daar is twee soorte ouderlinge: die eerste "synder, de welcke in d' wordt ende leeringe arbeiden..." (W.F. Dankbaar 1956 p. 41). Die Geneefse predikantesamekoms is te London vervang met die "profesieë". Dit was waarskynlik van Zwingli oorgeneem van die gemeente waarin die predikant se preke van die afgelope tyd ter sprake gekom het. Die stigtelike wyse waarop die profesie gehou was, was "in de welcke doersocht ende beuesticht sonde werden (doer een 't samenvoeginghe der plaetsen der Schriftueren met malcanderen) al dat inde predicantien der voergaender weken geschenen heeft niet rechtelik oft donckerlick oft niet ghenoechsaemlick vanden dienaer des Wordts uit geleit te wesen" Cap. 12 (Dankbaar 1956 p. 71).

Opmerklik is dat bepaal is dat die boeke van die O.T. en N.T. in vervolgreekse in die prediking aan die orde moes kom.

'n Groot afwyking van die Geneefse en Franse Kerkordelike voorbeelde wat Micron klaarblyklik gevolg het, was die bepaling omtrent die Superintendent. Sowel in Emden as in London is van owerheidsweë op die amp aangedring. Hoewel Dankbaar verklaar dat daar swaar aan die eis om 'n Superintendent wat deur die owerheid aangewys is te aanvaar, voldoen is, blyk dat tog uit die Ordinancien dat sowel A'Lasco en Micron dit op grond van die Skrif aanvaar het. "Ten eersten, dat den dienst eens Superintendents ofte Ouersienders sy een Goddelicke ordinantie in de gemeinte Christi, doer Christum selve, oock onder de Apostelen inghestelt, doen hy Petro eigentlick beual den last, om de ander broederen in 't gheloeue te verstercken......." (Luc. 22) (Dankbaar 1956 p. 44). By nadere beskouing blyk dit egter dat A'Lasco deur die gebruik van die teks 'n sterk aanvoeling getoon het vir die wesenlike van die belewing van die kerkverband in meerdere vergaderings. Oor die tug handel Micron breedvoerig - die neerslag van wat hy sê vind ons in die K.O. van die Geref. Kerk in S.A. Art. 71-80, (formuliere van die ban en wederopneming inkluis!).

Teen die agtergrond van hierdie Ordinancien, wat so klaarblyklik 'n selfstandige stuk werk is met inagneming van wat Calvyn in sy Institusie skryf oor die kerkregering, sowel as wat in die Geneefse en Franse kerkordes bepaal is, moet die werk van die samekoms te Wesel (1568) en die Sinode van Emden 1571, gesien word (vgl. vir Wesel en Emden u werkstukke).

......../88

Die Kerkorde wat vanaf 1571 tot Dordrecht 1618/19 sy beslag gekry het, is reeds in prinsipe teenwoordig in die Ordinancien van Micron en natuurlik in die Forma ac Katio van a'Lasco.
Die ontwikkelingsgang was weens die staatsbemoeiing moeisaam; so moeisaam dat Dordt 1618/19 ook nog moes toegewings maak aan die ower= heid. Tog kon die kerke gedurende die periode, onder die leiding van die Heilige Gees die skriftuurlike kerkorde waarvolgens die vlugte= lingkerke in London en elders, reeds geregeer is, beslag laat kry.

Saamvattend kan gekonkludeer word dat Calvyn die hoofontwerper van die gereformeerde kerkregeringstelsel was, maar dat die Waalse en Franse Kerke meegewerk het tot die praktiese toepassing van die stelsel, terwyl a'Lasco veral die tregter genoem kan word deur sy organisasie in Emden en London, waardeur die beginsels van Calvyn in die Geref. kerkordes van die 16de eeu en die van Dordt 1618/19 en daarna, beslag gekry het.

(Daar word vir die beginsels waarop die K.O. rus verwys na die klas= diktaat 1980 oor die Kerkregeringstelsels).

* * * * * * * * * * * *